**Die prys van huiwering: Die humanitêre koste van die klimaatskrisis**

**Oliver C. Ruppel en Cleo Dobers***

"Hoewel ons besig is om die wedloop teen die klimaatskrisis te verloor, kan ons dit nog wen." Dít is hoe die Verenigde Nasies (VN) se Sekretaris-generaal, António Guterres, die situasie rakende die wêreldklimaat by die Klimaatberaad 2019–2021 beskryf het. Beter kan ʼn mens seker nie die klimaatskrisis beskryf nie.

Dit kan nie ontken word dat die klimaatskrisis ʼn humanitêre krisis is nie. Dit is ook geensins ʼn toekomstige krisis nie: Die voorkoms van klimaatsrampe wêreldwyd in die media het drasties toegeneem. Net vanjaar alleen het ons die vernietigende bosbrande in Kanada, Griekeland en Turkye gesien, asook die uiterste droogtes in Kazakstan en Madagaskar, en erge vloede in Duitsland en Indië. Die Sesde Beoordelingsverslag van Werkgroep 1 van die Internasionale Paneel oor Klimaatsverandering wat verlede week verskyn het, dui daarop dat klimaatsverandering besig is om sy tol te eis, en hoe minder pogings aangewend word om die klimaat te beskerm, hoe erger gaan dit word. Die mees onlangse wetenskaplike bevindings toon weer eens dat die wedloop teen aardverwarming besig is om tot ʼn punt te kom, dat baie min tyd oor is, dat onherstelbare uitwerkings reeds voorgekom het, en dat klimaatsverandering dus in elke uithoek van die aarde gevoel word, waar dit elke ekostelsel, veral die kwesbaarstes, beïnvloed.

Die naakte waarheid is dat die oorlewing van die planeet op die spel is. Die vraag is steeds: Wat is die prysverskil tussen onmiddellike optrede en volgehoue huiwering rakende meer ambisieuse planne om die klimaat te beskerm? So wat kos die klimaatskrisis ons reeds? Geld. En menselewens – wat elke samelewing – hetsy deurlopend en in disproporsionele ongelykhede – betaal.

Ter viering van Wêreldhumanitêredag (19 Augustus) wil ons graag lig werp op die onmiddellike ekonomiese en humanitêre koste van die klimaatskrisis en die gevolglike hoop vir die komende VN-klimaatsveranderingskonferensie (COP26) in Glasgow in November. Ekonome raam dit sal teen 2070 soveel as 5,4 triljoen Amerikaanse dollar kos om gebiede of stede wat net deur omgewingsrampe alleen vernietig is, te herbou. Dit is gegrond daarop dat emissies teen dieselfde tempo as voorheen voortgaan.

Op die ou end bly ons in wêreld wat ʼn krisis beleef wat ʼn meer holistiese poging deur die samelewings van die wêreld verg. Ons kan nie die prys van huiwering bekostig indien ons steeds die wedloop ter wille van die mensdom en die planeet wil wen nie.

Lees **hier** verder wat die skrywers oor hierdie belangrike onderwerp te sê het.

***Oliver C. Ruppel is ʼn regsprofessor in die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit Stellenbosch (US), waar hy die direkteur van die* Development and Rule of Law Programme *(DROP) is. Cleo Dobers is ʼn meesterstudent in die Regte (LLM) aan die US.***